View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by AJOL - African Journals Online

# Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as volkskerk: Oorsig en herbesinning

**W A (Wim) Dreyer**[1]
**Hervormde Teologiese Kollege**
**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

***The Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as "volkskerk": Overview and evaluation***

***The Church Order of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) states in Ordinance 4 that the NHKA is a "volkskerk", meaning a Church that is ethnically based and focused on the ministry to Afrikaans speaking people. This article examines the history of the relationship between NHKA and Afrikaners that prevailed since the early 19th century. It argues that the establishment of separate and ethnically based churches in South Africa was, initially, the result of a specific understanding of Afrikaner nationalism and liberty. Only after the Second World War, due to criticism levelled at separate development and separate churches by the ecumenical movement, it was based on theological reflection. This article concludes that the term "volkskerk" has become theologically obsolete as well as practically unusable.***

## 1. INLEIDING

Met die nalees van die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), word dit duidelik dat die Hervormde Kerk deur sy hele bestaan 'n nou verbondenheid tussen kerk, volk en owerheid gehandhaaf het (vgl Dreyer 1995 en 1999) en as 'n volkskerk gefunksioneer het. Die debat oor die NHKA as volkskerk, Artikel III van die vorige Kerkwet (wat lidmaatskap van die NHKA tot blankes beperk het) en die bestaan van twee afsonderlike, etnies-gebaseerde Hervormde kerke het die geskiedenis van die NHKA na die Tweede Wêreldoorlog oorheers. Die Kerkorde van die NHKA, wat in 1997

[1] Dr W A (Wim) Dreyer is die Sekretaris vir Apostolaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en 'n navorsingsgenoot van die Kerkhistoriese Werkgroep van die Hervormde Teologiese Kollege, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

aanvaar is, bepaal in Ordereël 4 dat "die Kerk 'n volkskerk is met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense" (NHKA 1997:69).

Die NHKA se volkskerkdenke is oor jare heen skerp gekritiseer, nie net deur susterskerke en ander plaaslike kerke nie, maar veral vanuit die ekumeniese wêreld. Tydens die *World Alliance of Reformed Churches* (WARC) se 1982 vergadering te Ottawa, het meer as 'n honderd reformatoriese kerke hierdie teologiese denke van die NHKA tot kettery verklaar. Om verskeie redes, onder andere die besoek van die WARC aan die NHKA in Junie 2006, het die debat oor die NHKA as volkskerk weer opgevlam. Dit het nodig geword dat daar weer besin word oor die NHKA as volkskerk. Dit is 'n vraag of daar nog, teen die agtergrond van die radikale veranderinge wat in die Suid-Afrikaanse samelewing voltrek is, van die NHKA as 'n volkskerk gepraat kan word. Belangriker as die vraag na die sosio-politieke konteks, is die vraag na die teologiese houdbaarheid van die begrip "volkskerk".

Ten behoewe van die teologiese debat, gee hierdie artikel 'n historiese oorsig oor vier verskillende periodes, waarin die NHKA as volkskerk gefunksioneer het. Die artikel toon aan dat daar fundamentele verskille tussen die vier periodes te bemerk is.

## 2. EERSTE PERIODE: DIE NHKA AS BEVOORREGTE STAATSKERK

Ongeveer 3,000 Voortrekkers het hulle in die periode 1838-1852 noord van die Vaalrivier gevestig. In 1852 het die Britse parlement die politieke onafhanklikheid van die Voortrekkers erken. Met die ondertekening van die Sandrivierkonvensie het daar nie net 'n onafhanklike staat (die *Zuid-Afrikaansche Republiek – ZAR)* tot stand gekom nie, maar as gevolg van die nou verbondenheid tussen kerk en staat, het daar ook 'n onafhanklike kerk tot stand gekom.

So het daar aanvanklik twee gereformeerd/hervormde kerke in Suider-Afrika bestaan: In die Kaapkolonie het die Kerk (veral na 1842) die naam *Nederduitsch Gereformeerde Kerk (NGK)* gebruik, terwyl in die ZAR die naam *Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK)* bly voortleef het. Die bestaan van twee verskillende gereformeerde kerke in Suidelike-Afrika was die resultaat van die verbondenheid tussen kerk, volk en owerheid wat in die negentiende eeu vanselfsprekend was (vgl in die verband Dreyer 1995:117-142).

Een van die dokumente waarin hierdie eenheid tussen kerk, volk en owerheid die sigbaarste word, is die Grondwet van die ZAR wat in 1858

aanvaar is. Die *Nieuwe Wetten* van 1855 (wat die basis vorm van die 1858 Grondwet) omskryf die NHKA se voorregte en posisie in die ZAR breedvoerig. Die volgende artikels het die NHKA direk geraak:

> *Artikel 10: Het (volk) verlangt de uitbreiding van het Christendom onder de heidenen, doch onder bepaald voorzorgen tegen misleiding en bedrog.*
> *Artikel 12: Het (volk) behoudt uitsluitend aan zich de bescherming en verdediging van Kerk en staat.*
> *Artikel 17: Het (volk) zal jaarlyks, van den volksraad, eene begrootingswet van algemeene uitgaven voor Kerk en staat inwachten.*
> *Artikel 23: Het volk wil zyne Nederduitsch Hervormde godsdienst, zoo als die in de jaren 1618 en 1619 door de synode te Dordrecht is vasgesteld, behouden.*
> *Artikel 24: Het (volk) verkiest in zyn midden geene Roomsche Kerken toe te laten en ook geene ander Protestantsche dan de zoodanige, waarin dezelfde hoofdzom van Christelyk geloof geleerd wordt, als is opgegeven in de Heidelbergsche Catechismus.*
> *Artikel 25: Het (volk) zal geene andere vertegenwoordigers in den volksraad aanstellen, dan degenen die lidmaten der Nederduitsch Hervormde gemeente zyn.*
> *Artikel 26: Het (volk) erkent geen ander Kerkelyk gezag dan dat, wat door Kerkeraden zyner Ned. Hervormde gemeenten is of wordt goedgekeurd, aangenomen en vasgesteld.*
> *Artikel 27: Het (volk) wil zyne Kerk niet minder ongeschonden bewaren, dan de onafhankelykheid van zynen staat.*
> *Artikel 29: Het volk verlangt de opbouw, bloei en welvaart van Kerk en staat en uit dien hoofde, voorziening in de behoefte aan Ned. Hervormde predikanten en schoolonderwyzers.*
>
> (SA Argiefstukke Tvl no 3:382)

In die 1858 uitgawe van die Grondwet bepaal Artikel 9 "dat die volk geen gelykstelling in kerk of staat wil hê nie." Die Volksraad het dit so verstaan, dat swart mense nie aan eredienste mag deelneem in die kerkgeboue wat vir blankes bedoel was nie. Hierdie artikel het meegebring dat die skeiding tussen wit en swart, histories gesproke, deur die volkswil en die ZAR Grondwet afgedwing is. So het in die middel van die 19e eeu 'n kerklike bestaanswyse gevestig geraak wat tot vandag 'n bepaalde invloed uitoefen.

Die ZAR Grondwet is sterk demokraties. Dit is opvallend dat die klem in die ZAR Grondwet nie op die individu nie, maar op die *volkswil* geplaas word. Die volkswil het sy wortels in die Patriotdenke van die laat 18e eeu. Beyers het duidelik aangetoon dat die Patriotdenke bepalend ingewerk het op die Voortrekkers se vormgewing van hulle "*maatschappij*" (Beyers 1967:281-290).

’n Mens vind dit byvoorbeeld in die tipiese Patriotterminologie wat die Voortrekkers aanwend. Hulle noem die bestuursliggaam wat aan die oewers van die Tugelarivier in 1838 saamgestel is, die “*Raad der Representanten van het Volk.”* Hierdie naam is later vervang met “*Volksraad”*, wat dieselfde draagkrag het. Navorsing wys dat die Voortrekkerleier Hans Dons De Lange en Voortrekkerpredikant Erasmus Smit eerste van die “*Volksraad*” gepraat het (Beyers 1967:282).

Dit is verder opvallend dat die Oosgrens Afrikaners konsekwent gekies het vir die republikeinse staatsvorm. Reeds aan die Kaap, met die pogings om die Republieke Swellendam en Graaff-Reinet te vestig, word dit duidelik dat hulle republikeins was. Die Voortrekkers se regering was ook nie net republikeins nie, maar die suiwerste vorm van volksregering, omdat besluite op ’n vergadering geneem is waar alle volwasse mans teenwoordig was. Hierdie volksvergaderings was nie net kenmerkend van die Voortrekkerperiode nie, maar ook van die republikeinse periode in die Transvaal (Gey van Pittius 1936:7).

Nog ’n begrip waarna Beyers verwys (Beyers 1967:284), is die term “*Algemeen”*. Daar word byvoorbeeld van die “*Raad der Representanten van het Algemeen”* gepraat. Dit is ’n woord wat dikwels in Patriotgeskrifte aan die Kaap gebruik is, en wel met die betekenis van die algemene volkstem of volkswil. Dit is waarskynlik die oorsprong van die term *Algemene Kerkvergadering,* bedoelende ’n vergadering wat die hele kerk (volk) verteenwoordig.

Die demokratiese prosedure van verkiesings deur nominasies en stemming per geslote stembrief, soos byvoorbeeld by Thaba Nchu 2 Desember 1836, was aan die Voortrekkers bekend (Beyers 1967:285). Beyers verwys hier ook na ’n omsendbrief, gedateer 1 Februarie 1838, wat Gerrit Maritz aan al die Voortrekkers gestuur het. Daarin stel hy dit duidelik dat *die volkstem, hoewel oppermagtig, nie onderdrukkend sal wees nie*. Die rede wat Maritz daarvoor aanvoer is dat die beginsels van *gelykheid en broederskap* (die Franse Rewolusie slagspreuk!) onder die Voortrekkers sal geld.

In Maritz se verwysing na die “volkstem” vind ons die eerste spore van die *vox populi, vox dei* (die stem van die volk is die stem van God), wat later so sterk by Paul Kruger sou manifesteer (Thom 1965:204-205). Ook Erasmus Smit verwys talle kere in sy dagboek na die volkstem. Dit is duidelik dat begrippe soos volk, demokrasie, die oppergesag van die wet, geregtigheid, burgers, broederskap, gelykheid en vryheid bekend onder die Voortrekkers en die vroeë Transvaalse pioniers was.

Die sentrale plek wat die volk in die denke van die Voortrekkers ingeneem het, was nie net die gevolg van die Patriotdenke se invloed nie. Historici soos D W Krüger en A D Pont kom tot die gevolgtrekking dat ons by die Voortrekkers, en later onder die leiers van die Transvaalse Republiek, 'n samevloeiing van demokratiese en Calvinistiese denke kry (Krüger 1963:86).

Opsommenderwys kan 'n mens die volgende invloede op die vroeë pioniers se volksmatige denke uitwys:

- Die Patriotte aan die Kaap, tydens die laaste kwart van die agtiende eeu, het in hulle politieke denke en ideale gefokus op *het volk* (vgl Beyers 1967).
- Goewerneur De Mist (wat self lid van die Nederlandse Patriotteparty was) het in die wetgewing wat hy tydens sy verblyf aan die Kaap (1803-1806) opgestel het, dikwels na *het volk* verwys (vgl Murray 1962).
- Die calvinisties-bepaalde politieke denke en teologie gee aan die volk 'n sentrale plek. So vind ons dat die verbondsvolk by W á Brakel, wat dikwels deur die pioniers gelees is en aangehaal is, 'n belangrike plek inneem (vgl Pont 1986).
- Die Ou Testament en die volk Israel het as metafoor 'n groot rol in die pioniers se denke gespeel (soos blyk uit die gebeure rondom die slag van Bloedrivier en die aflê van die Gelofte).
- Daarby het die Voortrekkers 'n patriargale lewenstyl gehandhaaf, waar nie die enkeling se regte nie voorop gestaan het nie, maar eerder dié van die volk, gesin en die familie.

Al hierdie faktore het veroorsaak dat die Voortrekkers (en hulle nageslag) bykans nie anders sou kon as om volksmatig te dink nie. Hierdie volksmatige politieke denke het deurlopend groot invloed op die Afrikaner se geskiedenis uitgeoefen.

Die ZAR Grondwet het uitdruklik bepaal dat die NHK die bevoorregte kerk in die ZAR sou wees (vgl in die verband die uitleg van die Volksraad van Artikels 8 & 9 soos vervat in die notules van die Algemene Kommissie 1862:97). Ons moet egter raaksien dat dit *het volk* was wat aan die Hervormde Kerk sy bevoorregte posisie gegee het. Teen hierdie agtergrond, was die NHK in die ZAR nie net die bevoorregte Kerk nie, maar tegelykertyd *volkskerk.* Die NHK word 'n Kerk van die volk, ten behoewe van die volk.

*Volkskerk* beteken in hierdie konteks, dat die NHKA nie net die amptelike kerk was wat deur die owerheid beskerm en bevorder is nie, maar dat daar in elke distrik 'n gemeente van die NHK moes wees, wat die

inwoners van daardie omgewing met die evangelie bedien het. Die veronderstelling was dat almal aan dieselfde kerk sou behoort. Die ideaal was: *Een kerk, een volk, een owerheid.*

Soos reeds gemeld, het die ZAR Grondwet baie duidelik bepaal dat die inheemse stamme wat in die Transvaal gewoon het, geen gelyke regte in kerk en staat sou geniet nie. Die implikasie hiervan was dat die landswet nie-blankes verbied het om eredienste in kerkgeboue van die NHKA by te woon (vgl. NHKA 1862:97). In praktyk het dit beteken dat die blanke inwoners deur die NHKA bedien is, terwyl die inheemse stamme deur sendelinge bedien is. Die eerste sendingstasie in die Transvaal is reeds in 1822 in die huidige distrik van Wolmaransstad gevestig – dus reeds voor die Groot Trek.

Die NHKA het net blankes bedien, omdat dit deur die Grondwet afgedwing is. Die NHKA het geen beswaar teen hierdie reëling gehad nie. Die gebruike van die tyd is sonder vrae en probleme nagevolg.

Die NHKA het in 1863 die eerste keer 'n Kerkwet aanvaar wat bekend gestaan het as die *Algemeen Kerkelijk Reglement.* In die hersiene uitgawe wat in 1870 gepubliseer is en waarvan 'n kopie in die Kerkargief is (NHKA 1870), is daar geen verwysing na ras of volkskerk nie. Die enigste vereiste vir lidmaatskap van die NHKA was dat 'n persoon gedoop sou wees en belydenis van geloof in 'n gemeente aflê. Die beperkings op lidmaatskap in terme van ras, is deur die ZAR Grondwet afgedwing.

Die nou verbintenis tussen die NHK en die Afrikaners tree baie sterk na vore in die periode na die mislukte poging tot kerkvereniging (1885-1886). In die korrespondensie van die tyd (kyk Dreyer 1995:198-201; vgl Pretorius 1986:432) is dit baie duidelik dat die voortbestaan van die NHKA nie net 'n kerklike saak was nie, maar ook politieke en staatkundige betekenis gehad het. Veral S J P Kruger was bly dat die NHK voortbestaan het, omdat die NHK teen die Britse imperialisme gekant was en die republikeinse ideale van die Afrikaners gesteun het.

Die Algemene Kerkvergadering wat in 1888 na die mislukte kerkvereniging sitting geneem het, het dit goedgedink om 'n *Broederlijke Schrijve* aan al die lidmate van die NHKA uit te stuur. In hierdie dokument word onder andere gesê dat die NHKA is *die kerk onzer vaderen, de Kerk van het volk dat de Republiek heeft gesticht …. De mannen die de Republiek in het staatkundige gesticht hadden, gevoelden zich in staat ook een eigen Kerk op te richten: Voor het volk, om het volk en door het volk* (Handelinge van die Algemene Kerkvergadering 1888:91).

Krities beoordeel, is hierdie uitspraak van die AKV teologies onhoudbaar. Geen kerk bestaan omdat 'n volk of volksleiers dit besluit het nie. Dit is net as 'n mens die kerk as 'n vrye vereniging beskou wat deur mense

gestig word, dat jy kan meen dat ’n kerk deur ’n volksbesluit en deur die volkswil tot stand kom.

Botha wys daarop dat M J Goddefroy, as leier van die kerkherstel na die mislukte kerkvereniging van 1885/1886, geen teologies-uitgewerkte denke oor die verhouding Kerk en volk nagelaat het nie (Botha 1981:73). Uit die fragmente wat wel beskikbaar is (soos in die notules van die Algemene Kerkvergadering) funksioneer dit baie duidelik teen die agtergrond van die reeds genoemde staatkundig-nasionalistiese denke en word die voortbestaan van die NHKA gekoppel aan die voortbestaan van die ZAR. Ook Pont kom tot die gevolgtrekking dat die *die staatkundig-politieke opvattings van die volk ’n baie besliste stempel op die kerk gedruk het* (Pont 1969:207). Botha lei hieruit af, dat die NHKA organisatories selfstandig wou wees om die volk se staatkundige onafhanklikheid te ondersteun (Botha 1981:73). Dit bevestig dat in hierdie eerste periode daar nie sprake van ’n “volkskerkteologie” was nie, maar wel ’n eksistensiële eenheid tussen kerk en volk.

*Samevattend:* Die Grondwet van die ZAR, met sy groot klem op die volkswil, het ’n situasie bestendig waar kerk, volk en owerheid organies verweef geleef het. In mense se denke was daar feitlik geen onderskeid tussen kerk en staat nie. Dit is my mening dat die funksionering van die NHKA as volkskerk, in hierdie eerste periode, voortgevloei het uit ’n bepaalde staatsfilosofie en maatskaplik-politieke situasie in die ZAR. Die NHKA was dus nie in die eerste plek vanuit teologiese oorwegings volkskerk nie, maar eerder vanweë die verweefdheid van Kerk en volk in die periode.

Die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid in die ZAR het begin verkrummel met die vestiging van die Gereformeerde Kerke (1859) en die NG Kerk (1866) in die ZAR, die mislukte kerkvereniging van 1885/1886 asook die twee Anglo-Boere oorloë en die Britse besettings van 1877 en 1902. Ten spyte daarvan het die gevoel van eenheid tussen Kerk en volk nie verlore gegaan nie, veral nie onder die lidmate van die NHKA nie.

## 3. TWEEDE PERIODE: SKEIDING OP GROND VAN RAS (ARTIKEL II VAN DIE 1904 KERKWET)

Sowat 10,000 lidmate van die NHKA het die verwoesting van die Tweede Anglo-Boere Oorlog (1899-1902) oorleef. Ongeveer 27,000 vrouens en kinders het in die Britse konsentrasiekampe gesterf, en ongeveer 15,000 burgers op die slagveld. Met die Vrede van Vereeniging (1902) het Brittanje die totale beheer van Suid-Afrika oorgeneem.

Na hierdie ingrypende politieke en staatkundige veranderinge, het nuwe kerkordelike reëlings nodig geword. Die AKV van 1904 het ’n Kerkwet opgestel waarin – vir die eerste keer – ’n artikel verskyn wat sê: *Tot de*

*Nederduitsch Hervormde Kerk behooren alleen blanke personen die in de Kerk gedoopt zijn ....* (Kerkwet Artikel II, Notule AKV 1904:27).

Dit is opvallend dat die uitgawe van die Kerkwet van 1914 ’n verdere byvoeging bevat: *De Kerk laat echter geen gelijkstelling toe tusschen blanken en kleurlingen* (NHKA Algegemene Kerkvergadering 1914:3). Die beperking van lidmaatskap tot blankes en die begrip “geen gelykstelling” is gehandhaaf tot met die ingebruikneming van die Kerkwet in 1951 en daarna.

Soos reeds aangetoon, beteken “geen gelykstelling”, binne die historiese konteks, dat nie-blankes nie eredienste in die kerkgeboue van die NHKA mag bygewoon het nie, nie lidmate kon wees nie en geen deelname aan die aktiwiteite van die NHKA gehad het nie. Dit was eers in 1986 dat J P Oberholzer (as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering) ’n artikel in *Die Hervormer* skryf, waarin hy aantoon dat Artikel III van die Kerkwet nie die bywoning van eredienste deur nie-blankes verbied nie (vgl Oberholzer 1999:454).

Die aanvaarding van Artikel II in die Kerkwet in 1904 en daarna, was binne die politieke en sosiale konteks van die tyd, vanselfsprekend. In die tyd het min mense Christelik-etiese probleme daarmee gehad dat nie-blankes weerhou is van erediensbywoning saam met blankes. Die vanselfsprekende houding was dat die bediening van nie-blankes deur “sendingverenigings” behartig sal word (vgl NHKA Algemene Kerkvergadering 1928:118-124).

As ’n mens die agtergrond van Artikel II probeer peil, is dit waarskynlik te vind in die afkeer wat Afrikaners teen enige vorm van rassevermenging gehad het. Die eerste stel wette wat rasseskeiding sou afdwing, wat erkenning gee aan swart selfregerende gebiede en wat Afrikaner selfbeskikking sou waarborg, is onder die leiding van premier Generaal J B M Hertzog in 1926 deurgevoer (Gilomee 2004:409).

Die NHKA se positiewe houding ten opsigte van rasseskeiding, word duidelik uit die debat wat tydens die AKV van 1928 (NHKA 1928) oor sending gevoer is en waar gestel word:

- Die NHKA doen nie sending onder nie-blankes nie.
- Lidmate wat ten spyte van die Kerk se standpunt betrokke wil wees in sending, moet dit op eie inisiatief en deur sendingverenigings doen. Die gevolg hiervan was die totstandkoming van die *Hervormde Zendinggenootschap* in 1929.

Die periode voor die Tweede Wêreldoorlog is gekenmerk deur ’n byna naïewe, ongekompliseerde en vanselfsprekende rasseskeiding. Rassemeerderwaardigheid was orals sigbaar. Daar was selfs pogings om nie-

blankes te weerhou van opleiding, met die doel dat die blankes se posisie as die meerdere beskerm kon word. In die notule van die AKV (NHKA 1945:60) word gestel dat sendingwerk gedoen kan word, maar dit nie gepaard moet gaan met geleerdheid en opleiding nie. Die blanke moet sy “voogdyskap” behou.

Dit is opvallend, wanneer ’n mens die notules van die Algemene Kerkvergadering tot en met die Tweede Wêreldoorlog lees, dat daar slegs eenmaal ’n vermelding van rassekwessies is. In die notule van die AKV van 1945 is daar ’n kort verwysing na die *Volkskongres oor Rassebeleid* (NHKA 1945:30). In die debat het die voorsitter van die AKV die vergadering daarop gewys dat die NHKA wel aan die kongres deelgeneem het, en dat die NHKA sy standpunt duidelik gestel het. Die standpunt behels dat *die kerk sy eie rassebeleid het, dat die rassebeleid gegrond is op die Skrif en dat dit tot uitdrukking kom in die Kerkwet.* Die implikasie hiervan is dat die AKV aanvaar dat rasseskeiding in Kerk en staat Skriftuurlik gefundeerd is.

*Die Hervormer,* as amptelike mondstuk van die NHKA, het in veertig jaar slegs twee verwysings na rassekwessies (vgl Van Wyk 1978:3-6):

- In 1929 skryf S P Engelbrecht byna profeties *die groot twiste van die toekoms sal rassetwiste wees, en die groot vraagstuk sal ’n rassevraagstuk wees ...* Verder word verwys na die blanke volk as ’n Christelike volk.

- In 1939, skryf Johannes Dreyer ’n artikel onder die titel *Gelykstelling.* In die artikel verwys Dreyer daarna dat Suid-Afrika vir die blankes gekoop is met die bloed van die Afrikanervolk. Hy beklemtoon dat die standpunt van die Voortrekkers was dat geen vermenging van blank en swart mag plaasvind nie, omdat dit geen heil vir enige groep inhou nie. Elkeen moet volgens sy eie kultuur ontwikkel. Hy verwys na die Voortrekkers se teenkanting teen die Londense Sendinggenootskap, wat rasse integrasie bevorder het. Die Hervormde Kerk, so skryf Dreyer, het konsekwent die pad van die Voortrekkers gehandhaaf en alle vorme van gelykstelling afgewys. Hy maak verder die stelling dat die NHKA nooit lid van internasionale liggame (soos die Boy Scouts, die Wêreld Sondagskool Konvensie en vakbonde) kan wees nie, omdat daar geen onderskeid tussen rasse is nie. Die NHKA dring by die regering daarop aan dat die wet op gemengde huwelike gehandhaaf word. Hy sluit af deur te wys dat die taak van die Hervormde Kerk groot is om alle gelykstelling in kerk en maatskappy teen te staan.

Opvallend in Dreyer se artikel is dat hy nog geen teologiese gronde aanvoer vir die behoud en bevordering van rasseskeiding in die NHKA nie. In latere jare sou hy wel, veral as redakteur van *Die Hervormer*, die sake ook teologies toelig. Hy beredeneer die saak van rasseskeiding histories – wat ookal goed was vir die Voortrekkers, is reg vir die NHKA. Omdat die vadere ’n sekere praktyk aanvaar het, is dit in orde.

*Samevattend*: Die afleiding wat mens op grond van die kleurklousule in die Kerkwet en die uiters beperkte primêre bronne maak, is dat die NHKA as volkskerk, in die tweede periode, ’n *blanke* kerk was.

Dit het om rasseskeiding in Kerk en staat gegaan. Nie-blankes en blankes het nie dieselfde regte gehad het nie. Teaters, banke, woongebiede, parke, busse, eetplekke, hospitale en selfs begraafplase was totaal gesegregeer. Dit was ook die geval met die kerke in Suid-Afrika, en spesifiek die NHKA.

Tot en met die Tweede Wêreldoorlog was rassisme nie hoog op die internasionale agenda nie. Selfs in ’n land soos die VSA het rasse-verhoudinge gefunksioneer op die basis van *separate but equal.* Dit was eers na die Tweede Wêreldoorlog, met die emansipasie van Afrika in die post-koloniale era, dat die integrasie van verskillende rasse internasionaal beklemtoon en bevorder is. Dit was eers na die oorlog dat daar internasionaal druk op die kerke van Suid-Afrika uitgeoefen is om hulle te distansieer van rassisme, rasseskeiding en apartheid.

Ook in hierdie tweede periode is daar nie sprake van ’n “volkskerkteologie” nie. Dit sou eers later na vore tree.

## 4. DERDE PERIODE: APOSTOLÊRE GERIGTHEID (ARTIKEL III VAN DIE 1951 KERKWET)

In 1951 het die NHKA ’n nuwe Kerkwet saamgestel (NHKA 1951). ’n Nuwe benadering word hierin sigbaar. Artikel II is met Artikel III vervang, wat bepaal het dat die Kerk se lidmaatskap tot blankes beperk word omdat voorsien word dat (etniese) volkskerke gevestig sal word in uitvoering van die apostolaatsopdrag soos verwoord in Matteus 28.

Artikel III het gelees:

> Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar beoog die stigting van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – “Maak dissipels van alle nasies” Matteus 28:19, die

> beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so ’n werkverdeling nie geskaad sal word nie. Tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort daarom net blanke persone.

Dit moet in gedagte gehou word dat die 47$^{e}$ AKV in 1945 vir die eerste keer besluit het dat sending ’n opdrag aan die *Kerk* is en dat die Kerk ’n komitee benoem om aandag te gee aan sending (NHKA 1945:61-62). Interessant genoeg het die AKV op hierdie punt daartoe oorgegaan om ’n skuldbelydenis te doen oor sy laksheid ten opsigte van sending, wat soos volg verwoord is:

> Die Herv. Kerk (het) egter deur verskillende omstandighede tot hiertoe nog nie sy volle aandag aan die evangelieprediking onder die heidene kon gee nie, ’n feit wat ons betreur en laat skuldig voel; dat die tyd nou aangebreek het om die saak met die grootste erns aan te pak; en besluit om ’n kommissie te benoem om ’n skema uit te werk hoe die Kerk te werk moet gaan.
>
> (NHKA 1945:62)

Die “skema” wat uitgewerk is, is verwoord in die 1951 Kerkwet. Die oplossing was dat afsonderlike volkskerke gevestig sal word en dat die bekeerlinge deur inheemse en etnies georganiseerde volkskerke (Art 7) bearbei sou word.

Van Aarde (1986:80) wys daarop dat die agtergrond van die NHKA se beleid van volkskerklike apostolaat te vind is in die 1950/1951 Kerkorde van die Nederlands Hervormde Kerk wat in Artikel VIII soos volg geformuleer het:

> Als Christus-belijdende geloofsgemeenschap gesteld in de wereld om Gods beloften en geboden voor alle mensen en machten te betuigen, vervult de Kerk, in de verwachting van het Koninkrijk Gods, haar apostolische opdracht in het bijzonder door haar gesprek met Israël, door het werk der zending, door de verbreiding van het Evangelie en de voortdurende arbeid aan de kerstening van het volksleven in de zin der Reformatie ... De Kerk richt zich in het werk der zending, in gehoorzaamheid aan het bevel van Christus, onder uitoefening van de dienst der barmhartigheid in de geestelijke en lichamelijke noden, met het Evangelie des Koninkrijks tot de volkeren in de niet-gekerstende wereld; zij vervult de dienst der barmhartigheid in de geestelijke en lichamelijke noden van deze volkeren; zij brengt hen, die zijn gekomen tot geloof en de Heilige Doop hebben ontvangen, bij de bediening van Woord en sacramenten tezamen in gemeenten; zij dient deze gemeenten bij de inrichting en opbouw van een eigen kerkelijk leven; zij arbeid bij dit alles ook aan de kerstening der samenleving.
>
> (NHK Kerkorde 1951)

Hierdie denke staan in die dampkring van veral Kraemer se sendingteologie en sy verstaan van die apostolêre volkskerk. Dit is opvallend dat die NHKA in 1951 hierdie gedagtes in Artikel III en Artikel VII van die Kerkwet onder woorde bring, maar met die byvoeging: *Lidmaatskap word tot blankes beperk.*

Teoloë van die NHKA het sedert 1951, veral vanweë onophoudelike kritiek teen die NHKA se standpunte, baie moeite gedoen om Artikel III teologies te begrond. Die gesprek oor apartheid, Artikel III en rasseskeiding is nie net by herhaling in die Algemene Kerkvergadering en ander vergaderings gevoer nie, maar ook in die kerklike tydskrifte (kyk in die verband Van Wyk 1978:7-247). Die massa artikels en publikasies wat verskyn het en waarin die NHKA rasseskeiding in kerk en staat verdedig het, is byna onbeperk.

In die debat oor die NHKA as volkskerk en Artikel III, is veral gebruik gemaak van volkskerklike denke soos dit deur Nederlandse teoloë verwoord is. Die belangrikste teoloë wat in die debat genoem is, is Johannes Calvyn (veral sy opvattings oor verbond, orde en teokrasie), P J Hoedemaker (met sy beklemtoning van die teokratiese visie van Artikel 36 van die NGB*)* en A A Van Ruler. Ander teoloë wat in die verband aangehaal word is H J Langman en H Berkhof (kyk in die verband Botha 1989). Die sendingwetenskaplikes H J Bavinck en H Kraemer, met hulle gedagtes oor die verinheemsing van die Christelike kerke, het ook ’n rol gespeel. Dit moet verder in gedagte gehou word dat G Warneck, die Duitse sendingwetenskaplike, reeds die volkskerklike apostolaat in die 19e eeu ontwikkel het en dat Hoedemaker, as sendingwetenskaplike, student van Warneck was.

In Nederland het dieselfde gesprek oor die “volkskerk” plaasgevind. As voorbeeld hiervan, dien die gesprek van A A van Ruler met Buskes en De Graaff oor die feit dat die woord “volkskerk” nie meer in die Nederlandse Kerkorde van 1951 verskyn het nie. Die 1951 Kerkorde praat van die Nederlands Hervormde Kerk as ’n *Christus-belydende geloofsgemeenskap*, nie van ’n *Christus-belydende volkskerk* nie (soos bo aangehaal). In ’n geskriffie oor die Kerkorde van die Nederlands Hervormde Kerk, stel Van Ruler dat Buskes en De Graaf tot die gevolgtrekking kom dat *de visie van Wormser en Hoedemaker, de theocratische vokskerkidee dus – in onderscheiding van de natuurlijk hooggeroemde apostolaire volkskerkidee van Kraemer – in de Hervormde Kerk wel geduldt wordt en ook te dulden is, maar zeer stellig nie de eigenlijke visie van de Hervormde Kerk is* (Van Ruler 1958:3). Van Ruler stel daarteenoor dat die volkskerkidee die vanself-sprekende uitvloeisel is van die Westers-Latynse Christendom. Van Ruler bepleit die vanselfsprekendheid van die Nederlands Hervormde Kerk as volkskerk.

Die ideaal van die teokraties-volkskerklike denke, soos bepleit deur Van Ruler in navolging van Hoedemaker en Wormser, was dat die kerk elke hoekie van die gemeenskap sou bereik met die evangelie. Opvoeding, onderwys, gesinslewe, regeringsinstellings en die openbare lewe moes in die lig van die evangelie staan. Van Ruler beklemtoon dat die Kerk nie te vreemd in die wêreld moet wees nie.

Die teologiese debat in Nederland oor die volkskerkidee, asook die bewoording in die Nederlandse Kerkorde, het stimulus gebied aan die debat binne die NHKA. As ’n mens na die bewoording van Artikel III kyk, lyk dit, in die woorde van Van Ruler, of die NHKA ’n keuse vir Kraemer se apostolêre volkskerkidee gemaak het. Dit is egter opvallend dat in die kerklike debat oor onderwys, afsonderlike ontwikkeling en die owerheid, die teokraties-volkskerklike denke gebruik word. Ek is van mening, dat wanneer die NHKA intern gekommunikeer het, die teokraties-volkskerklike denke beklemtoon is. Wanneer die NHKA na buite gekommunikeer het, veral om Artikel III te verdedig, is die apostolêr-volkskerklike denke benut. Die twee benaderings kan egter nie te waterdig geskei word nie, omdat die teokratiese denke van Van Ruler ook duidelike apostolêre trekke vertoon.

Die eerste werklike sendingteologiese besinning oor die apostolêre volkskerk in die NHKA het uit die pen van P S Dreyer gekom. In sy artikel *Ontwerp van ’n sendingbeleid in die huidige situasie* (Dreyer 1959) verwys hy met waardering na Hendrik Kraemer. Dreyer het die volledige werke van Kraemer en Bavinck besit en gelees. Die boeke is tans in my besit. Dit is in die artikel duidelik dat hy Kraemer se denke oor die verhouding tussen sending en kultuur, soos verwoord in *The Christian Message in a Non-Christian World* (Kraemer 1947) ekstensief benut het en tot die gevolgtrekking kom dat sending nooit kultuuroordrag mag wees nie en dat die andersheid en kultuur van ander volke gerespekteer moet word.

Dit was eers sowat twintig jaar later dat ’n omvattende sending-teologiese studie verskyn het, te wete H G van der Westhuizen se *Volkskerk en sending* (Van der Westhuizen 1981). In die publikasie gee hy nie net ’n breedvoerige beskrywing van die sendinggeskiedenis nie, maar beredeneer die volkskerklike sending in detail. Die teoloë wat hy aan die orde stel, is onder andere A A Van Ruler, J C Hoekendijk, J H Bavinck, H Kraemer, K S Latourette, O Noordmans, S Neill en in Hervormde konteks H P Wolmarans, H C M Fourie, P S Dreyer, A van Selms, A D Pont en D J Booysen. Ander Suid-Afrikaanse teoloë waarna verwys word is D J Bosch, W D Jonker en P Meiring – nie altyd positief nie. Van der Westhuizen kom tot die gevolgtrekking dat die volkskerklike sending die enigste sinvolle manier is waarop die NHKA sy sendingwerk kan doen.

Hierdie apostolêr-volkskerklike denke het ’n sterk stimulus aan die NHKA se apostolaat gebied, en is daadwerklik begin met die “kerstening van heidense volke” (vgl Art 7 van die 1951 Kerkwet, 29). Prakties het dit beteken dat swart predikante onder swart mense begin werk het, nadat hulle deur die NHKA opgelei is.

Die bedoeling was dat die predikante volgens etniese verband sou dien en dat die ter stigte volkskerke verdeel sal wees volgens etniese (taal) grense. In die gemelde Artikel 7 word verder uitgebrei op die “gevaar van vermenging” en word duidelik gestel dat die NHKA *elke sweem van gelykstelling of vermenging vermy* (NHKA 1951:29).

Hierdie benadering is spoedig van verskillende kante gekritiseer. Die rede hiervoor, is die feit dat die Nederlandse en Afrikaanse kontekste ingrypend verskillend is. In Nederland is ’n volkskerk nie beskou as rassisme nie, omdat die Nederlandse volk grootliks homogeen is. In die Afrikaanse konteks het kritici van die volkskerklike benadering dit onmiddelik uitgewys dat die vestiging van verskillende kerke aan die hand van ’n rasseverdeling plaasvind. Die situasie is vererger, omdat Artikel III nie net oor volkskerke praat nie, maar lidmaatskap tot blankes beperk het. Die volkskerkteologie kon dus nie resloos of pynloos van een konteks na ’n ander konteks oorgeplaas word nie, veral nie met die byvoeging van ’n rasseklousule nie.

’n Mens kan jou ook beswaarlik indink dat die bogenoemde teoloë soos Van Ruler gemaklik daarmee sou wees dat hulle besinning oor die volkskerk gebruik sou word om nie-blankes uit die kerk uit te sluit en hulle die bywoning van eredienste te verbied. J H Bavinck, skryf byvoorbeeld in sy boek *Inleiding tot die Zendingwetenschap* (Bavinck 1955:161-170) onder die opskrif *Kerk en volk* dat die verinheemsing van die Kerk in ’n bepaalde volk, nie gesien moet word as ’n eksklusivisme nie. Hy beredeneer breedvoerig dat die inheemse kultuur en volkseienskappe nie verabsoluteer mag word nie en nie bepalend vir die Kerk se bestaan is nie. In die tyd het daar ook teoloë binne die geledere van die NHKA na vore getree wat krities gestaan het teen Artikel III, byvoorbeeld Albert Geyser en Adrianus van Selms wat in 1961 tydens die AKV heftig beswaar aangeteken het teen Artikel III (kyk in die verband Van Aarde 1992).

As voorbeeld hoe die volkskerk, apartheid, Artikel III en die apostolaat beredeneer is, kan ons kyk na die Herderlike Skrywe wat die Kommissie van die AKV in 1973 (NHKA 1973) uitgestuur is:

Die AKV stel dit onomwonde in die Herderlike Skrywe dat die NHKA alle vorme van integrasie in kerk en staat teenstaan. In die uiteensetting van Artikel III word apartheid beskryf as *die enigste eerlike en Christelike beleid wat die oorheersing van een groep deur ’n ander sal voorkom.* Apartheid word

aangebied as ’n beleid wat in lyn is met die algemene Skriftuurlike beginsels, soos byvoorbeeld dat God verskillende volke geskep het; dat die bestaan van die Afrikanervolk deel is van God se voorsienigheid; dat segregasie mense beskerm teen oorheersing en uitbuiting; dat Artikel III die sending bevorder deur die verkondiging ook na ander mense te rig. Verder word aangetoon dat strukturele eenheid tussen gelowiges nie nodig is nie, alleen maar die eenheid in geloof. Die bestaan van verskillende volkskerke word beskou as ’n praktiese saak gebou op die natuurlike verskille in taal en kultuur.

Dit is baie duidelik dat die 1973 Herderlike Skrywe ’n etiese en Skriftuurlike begronding van apartheid en Artikel III doen. Dit is veral só, as ’n mens daar lees: *Die kerk wil dit beklemtoon dat dit vir hom in die onderhawige saak* (d w s segregasie, aparte volkskerke en Artikel III) *nie slegs om ’n tussentydse reëling gaan nie, maar om ’n blywende en onveranderlike beginsel wat Skriftuurlik fundeer is.*

Die verdediging van apartheid deur die NHKA, is voortgesit met die besluite van die Algemene Kerkvergadering in 1976 (NHKA 1976:219-220) asook die getuienis van die Algemene Kommissie in 1977 (NHKA 1977). In hierdie twee dokumente word onomwonde gestel dat afsonderlike ontwikkeling die beste model vir Suid-Afrika is en dat die regering opgeroep word om wet en orde te handhaaf en toe te sien dat die “uitstroming” (gedwonge verskuiwing?) na die tuislande versnel word. Hierdie standpunt het baie kritiek ontlok.

Die NHKA het sedert 1929, deur middel van die *Hervormde Zendinggenootschap*, ’n bepaalde betrokkenheid by die sending onder Zoeloes gehad. Stelselmatig het die sendingwerk gegroei, sodat teen 1975 daar reeds 48 swart Hervormde gemeentes was. Die ideaal van afsonderlike volkskerke het *kerkregtelik* gestalte gekry toe die eerste Algemene Kerkvergadering van die (swart) *Hervormde Kerk in Suidelike-Afrika* (HKSA) in 1977 sitting geneem het. Hierdie saak is kerkordelik verder bestendig nadat die AKV van die HKSA in 2003 ’n Kerkorde aanvaar het wat bevestig het dat die HKSA ’n onafhanklike kerk is. In 2006 het die HKSA reeds sy 10e Algemene Kerkvergadering gehou, waar onder andere besluit sou word om die naam van die Kerk te verander na die Maranatha Reformed Church of Christ (HKSA 2006:5-10). Daarmee het ’n nog groter selfstandigheid na vore getree.

As gevolg van volgehoue druk oor Artikel III in die NHKA se volkskerkdenke, het die Kommissie van die AKV in 1978 ’n studiekommissie aangewys wat die saak moes ondersoek. Die kommissie het bestaan het uit D J C van Wyk, H G van der Westhuizen, J A Loader, M W Pretorius en G M M Pelser. Van die lede het omvanryke memoranda ingedien, wat (as gevolg

van botsende standpunte) aangevul is met memoranda van A P B Breytenbach, R D Coertze, A G van Aarde, P J van der Merwe, J J Steenkamp, C H Rautenbach, A D Pont, S J Botha en J J P Müller. Die studiestukke is verwerk in verslag wat saam met die bylaes bykans 300 bladsye beslaan (Handelinge van die Kommissie van die AKV, April tot Junie 1979:297-565).

In die gedeelte wat spesifiek oor die volkskerk gaan (bls 305-306), kom die kommissie tot die *grotendeels eenstemmige gevolgtrekking* dat die volkskerkgedagte *wenslik, houdbaar en bruikbaar* is. Die kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat:

- “hoewel die begrip volkskerk nie in die Bybel voorkom nie, daar in die Nuwe Testament tog aanduidings is van wat geïnterpreteer kan word as die begin van ’n beweging in die rigting van ’n bepaalde differensiasie.” Die apostelkonvent (Handelinge 15) word verstaan as ’n bepaalde werksverdeling.
- Nêrens in die Nuwe Testament het die evangelie gelei tot die vernietiging van die volkseiendomlike nie.
- Die NHKA wil sy apostoliese taak en Christelike roeping volksgewys doen.
- Die kommissie het aanbeveel dat die blanke-klousule na die Bepalings verskuif, omdat die plasing daarvan in die Kerkwet dit verhef tot ’n belydenis.

Die studiekommissie het homself pertinent verbind aan die denke van Hoedemaker en Van Ruler, teenoor Kuyper se opvattings oor die vrye kerk. Die volgende definisie word gegee:

> Met volkskerke word bedoel die kerk van Jesus Christus binne ’n bepaalde volk ten behoewe van daardie volk (bl 306) ... Die bedoeling is dat die evangelie en kerk volkome inheems sal word onder die nie-blanke volkere om in intensiewe katolisiteit (Van Ruler) elke moment van die lewe van die volksgroep te probeer kersten en so op te eis vir die koninkryk van God.

Dit is duidelik dat die kommissie beide die teokratiese- en apostolêre volkskerkdenke akkomodeer.

Dit is ook opvallend dat die kommissie waarsku teen die opvatting dat kerklike eenheid (tussen die NHKA en HKSA) net onsigbaar is, en wys dit af as ’n spiritualisme en dwaling (bl 308). Sigbare eenheid word beskryf as iets

wat nie in strukture te vind is nie, maar veral in prediking, sakramentsbediening en belydenis.

Ten opsigte van afsonderlike ontwikkeling beredeneer die studiekommissie die standpunt (bl 313) dat daar nie meer soos in die verlede (Herderlike Skrywe 1973) uitgegaan kan word van God se skeppingsoorde en die *ewig, onveranderlike beginsel ingegee deur die Skrif nie*, maar dat afsonderlike ontwikkeling eerder as 'n praktiese politieke oplossing vir die land se probleme beskou kan word.

Die gevolgtrekking waartoe die studiekommissie kom, is dat iets soos Artikel III nie as belydenis verstaan moet word nie, maar as 'n praktiese werkswyse (bl 317). Die implikasie daarvan is natuurlik dat 'n praktiese werkswyse altyd weer kan verander, indien die omstandighede verander.

Voortvloeiend uit hierdie verslag en bespreking op die AKV, het 'n belangrike dokument, te wete *Kerk en Wêreld 2000* in 1985 verskyn (NHKA Kommissie van die AKV 1985). In die geskrif, bladsy 4, word die NHKA se verstaan van volkskerk gedefinieer: *Dit is wat die NHKA onder die begrip"volkskerk" verstaan: 'n Kerk wat in die volk ingroei, nie om die volk of die volkslewe by voorbaat te sanksioneer nie, maar juis om dit in kritiese solidariteit en met die profetiese appèl van die Woord, tot die verheerliking van God te kersten.* Ook hier is die apostolêre begronding en motief duidelik. Die kritiese vraag is egter steeds, of die apostolaat van die Kerk en die *Missio Dei* die kerstening van 'n volk in die oog het, of die koninkryk van God?

In dieselfde dokument blyk die NHKA se ondersteuning van apartheid (afsonderlike ontwikkeling) duidelik:

> 'n Politieke beleid wat voorsiening maak vir gelyke en afsonderlike geleenthede skep die moontlikheid dat afsonderlike volke nie in die demografiese pot weggekook sal word nie. Die NHKA kan gevolglik moeilik, gesien sy begrip van homself as volkskerk, anders as om so 'n beleid in beginsel te steun nie. Hy sal sekerlik ook nie anders kan as om op te staan en by die voorstanders van afsonderlikheid getel te word nie .... Die Kerk oordeel dat, volgens die teleologiese norm wat hy gebruik, sy keuse ten gunste van afsonderlikheid nie in stryd met die etiese eis van die Skrif is nie ...
>
> (NHKA Kommissie van die AKV 1985:66-67).

*Kerk en Wêreld 2000* moet warskynlik gesien word as die NHKA se antwoord op die Resolusie van die 1982 vergadering van die WARC, waarin apartheid as sonde en die teologies-eties begronding daarvan as kettery beoordeel word.

'n Duidelike verskuiwing in denke vind ons in die Herderlike Skrywe wat die Kommissie van die AKV in 1990 na die gemeentes gestuur het, met die titel *Kerk en Politiek* (NHKA Kommissie van die AKV 1990). In die dokument word die kerk se beskouing oor onder andere die kerk, staat, menseregte, onderwys, kommunisme, teologie van bevryding en die ekonomie bespreek. In vergelyking met de 1973 Herderlike Skrywe verteenwoordig dit 'n fundamentele skuif, nie soseer deur wat daar geskryf staan nie, maar deur wat weggelaat is. In die dokument is daar geen uiteensetting of verdediging van segregasie of Artikel III nie. Veel eerder word die sending na ander volke beklemtoon as die belangrikste roeping van die kerk. In dieselfde hoofstuk word enige vorm van rassisme, asook enige rassistiese maatreëls wat die waardigheid van mense aantas, verwerp.

Waar daar wel oor die handhawing van eie identiteit gepraat word, word die lidmate gemaan om dit op so 'n wyse te doen dat dit nie die waardigheid van ander mense aantas nie. Die gedagte van *Kerk en Wêreld 2000* word weer herhaal: *Die NHKA wil 'n kritiese afstand van die Afrikanervolk handhaaf, maar wil tegelykertyd solidêr leef ... .* Dit is duidelik dat die onkritiese aaneenskakeling van kerk en volk toenemend problematies geword het. In die twee dokumente sou 'n mens die NHKA se verhouding met die Afrikanervolk kon definieer as *profeties en krities- solidêr.*

Dit is opmerklik dat prominente teoloë van die NHKA gaandeweg hulle standpunte oor die NHKA as volkskerk, Artikel III van die Kerkwet en die beleid van afsonderlike ontwikkeling aangepas en verander het.

So vertoon die lywige memorandum van J A Loader (by name *Artikel III getoets*) wat in 1979 opgestel is nog 'n beperkte ondersteuning van die volkskerkdenke (Handelinge van die Kommissie van die AKV 1979:323-388). Op bladsy 59 van die memorandum (bl 381 van die Handelinge van die Kommissie) skryf hy "na my werklike oortuiging bied my betoog in hierdie memorandum 'n pleidooi vir die *behoud* van die Kerk se *beleid* insake die aangeleenthede wat in Artikel III ter sprake kom." In 1986 het Loader hom tydens die Algemene Kerkvergadering volledig gedistansiëer van Artikel III.

In 1986 publiseer A G van Aarde 'n artikel in die *HTS* (Van Aarde 1986:77-93), waarin hy wys op die universalisties-partikularistiese paradoks wat opgesluit is in Artikel III en die volkskerklike denke van die NHKA. In die artikel wys hy Pont se standpunt af, waar Pont die oortuiging uitspreek dat die Duitse sendingwetenskap en Hoedemaker se teokratiese volkskerkgedagte nie die verwysingsraamwerk van die term "volkskerk" in Artikel III vorm nie. Pont het probeer aantoon dat die volkskerkdenke sy oorsprong in die Voortrekkers se verbondsdenke het. Van Aarde wys Pont se standpunt af en beklemtoon dat Gustav Warneck se denke oor *Volkschristiansierung* wel 'n

invloed uitgeoefen het. Van Aarde kritiseer die gebruik van die apostolêre volkskerkdenke om lidmaatskap van die NHKA te reël – omdat volkskerk nie eksklusivisties of rassisties verstaan kan word nie.

’n Verdere artikel van Van Aarde wat van belang is, is die oor die lewe van A S Geyser (Van Aarde 1992). In hierdie artikel gee hy ’n noukeurige uiteensetting van Geyser se teenkanting teen Artikel III en die beperking van lidmaatskap tot blankes. Geyser het die Kerk verstaan as universeel gerig. Van Aarde se instemming met Geyser se standpunte is duidelik en vertoon ’n duidelike kritiek op die volkskerklike denke van die NHKA.

Dieselfde is te bemerk by ’n kerkleier soos J P Oberholzer. Oberholzer, wat as voorsitter van die AKV by verskeie geleenthede Artikel III verdedig het en in 1960 geskryf het dat “die kerk wat in die midde van die volk te staan gekom het as apostel, kan niks anders wees as volkskerk nie” (Oberholzer 1960), skryf in 1999 “die begrip volkskerk is nie meer te red nie” (Oberholzer 1999:458).

- ***Ekskurs: Kritiek vanuit die ekumeniese beweging***

Die skerpste kritiek teen die NHKA se handhawing van Artikel III en sy verdediging van apartheid, het gekom van die kant van die internasionale ekumeniese beweging.

Die tweede algemene vergadering van die Wêreldraad van Kerke (WRK) het in Augustus 1954 in Evanston in die VSA vergader. Evanston het die volgende resolusie aanvaar: *The Second Assembly of the World Council of Churches declares its conviction that any form of segregation based on race, colour or ethnic origin is contrary to the gospel, and is incompatible with the Christian doctrine of man and with the nature of the Church of Christ. The Assembly urges Churches within its membership to renounce all forms of segregation or discrimination and to work for their abolition within their own life and within society.* In sy interpretasie van hierdie resolusie kom Patijn tot die gevolgtrekking *het koningschap van Christus impliceert de eenheid van zijn volk, zonder onderscheid. Voor “apartheid” bestaat geen verontschuldiging. Argumenten ontleend aan verschil in cultuur .... zijn niet aanvaardbaar* (Patijn 1954:577).

Reeds in 1954 het die Afrikaanse kerke ontdek dat hulle alleen staan in hulle verdediging van apartheid en afsonderlike kerke. Dit was die begin van ’n lang en uitgerekte proses van konflik, toenemende isolasie en uiteindelik afskeiding.

Die eerste werklike breuk tussen Afrikaanse kerke en die ekumeniese liggame het plaasgevind met die Cottesloe beraad wat in 1960 na die Sharpeville insident plaasgevind het. Tydens die konferensie is die kerke

gevra om apartheid te veroordeel as strydig met Christelike beginsels en prakties onuitvoerbaar. Die Afrikaanse kerke, en spesifiek die NHKA, was nie bereid om dit te doen nie. Die gevolg was dat die konferensie 'n kompromis verklaring uitgereik het, wat gevra het vir geregtigheid, minimum lone en die afskaffing werkreservering.

Die Algemene Kerkvergadering het kort daarna sitting geneem en op die 20$^{e}$ Maart 1961 besluit die AKV om sy lidmaatskap van die WRK te termineer as gevolg van die WRK se *humanistiese ideologie en ondersteuning aan rewolusie sowel as sy dubbele moraal …* (NHKA 1961).

Juis in hierdie tyd (1961) het H F Verwoerd Suid-Afrika uit die Statebond laat bedank en het na 'n referendum die land as 'n republiek geproklameer. Die vure van Afrikaner nasionalisme en republikeinse idealisme het hoog gebrand. Die Afrikanerrepubliek, wat vernietig is met die Anglo-Boere Oorlog en weggeteken is met die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 is herstel op 31 Mei 1961.

Teen hierdie agtergrond was dit feitlik onmoontlik vir die Afrikaanse kerke om aan die ekumeniese debat oor rassisme deel te neem. Die kerklike debat het telkens verval in 'n politieke gesprek wat deur republikeinse idealisme en nasionalisme oorheers is.

Die tweede breuk het plaasgevind toe die Algemene Vergadering van die WARC tydens sy 1982 sitting te Ottawa 'n resolusie aanvaar het wat rassisme veroordeel. Daar is besluit:

> Without denying the universality of racist sin, we must call special attention to South Africa. Apartheid (or Separate Development) in South Africa today poses a unique challenge to the church, especially the churches in the reformed tradition. The white Afrikaans churches of South Africa through the years have worked out in considerable detail both the policy itself and the theological and moral justification for the system. Apartheid … therefore is a pseudo-religious ideology as well as a political policy. It depends to a large extent on this moral and theological justification. The division of Reformed churches in South Africa on the basis of race and colour is being defended as a faithful interpretation of the will of God and of the Reformed understanding of the church in the world ….. The General Council of the WARC in Ottawa declares: The promises of God for his world and for his church are in direct contradiction to the Apartheid ideals and practices …. Therefore the General council declares that this situation constitutes a status confessionis for our churches, which means that we regard this a an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardising the integrity of our common confession as Reformed churches …. *We declare with Black Reformed Christians of South*

> *Africa that Apartheid is a sin, and that the moral and theological justification of it is a travesty of the Gospel and a theological heresy.*
>
> (vgl WARC, Ottawa 1982: Resolution on Racism and South Africa).

Verder is aangetoon dat apartheid families en gesinne verwoes deur grootskaalse gedwonge verskuiwings van mense. Dit word beskryf as onderdrukking en ongeregtigheid.

Die Kommissie van die AKV het op 17 September 1982 vergader en besluit om sy lidmaatskap van WARC op te hef. In ’n brief, gerig aan die sekretaris van WARC (NHKA 1982), het die Kommissie nie net die lidmaatskap opgehef nie maar ook ’n snydende aanval op WARC geloods. Die volgende aantygings word gemaak:

- Die WARC het sy Reformatoriese basis verlaat;
- Die WARC het die werk en persoon van Jesus Christus verpolitiseer;
- Die WARC ondermyn deur sy teologie die gesag van die Skrif;
- Die WARC het geen begrip van die radikaal-ingrypende aard van sonde nie;
- Die WARC het sy roeping verlaat deur die verkondiging van Jesus Christus as enigste Verlosser te verruil vir ondersteuning aan die sogenaamde vryheidstryd.

*Samevattend:* Die NHKA het in die periode na die Tweede Wêreldoorlog ’n apostolêre volkskerkteologie ontwikkel en uitgebou. Dit is die duidelikste in Artikel III van die Kerkwet verwoord. Dit is gedoen met behulp van die Nederlandse teologiese gesprek oor die volkskerk. Die verskil in konteks en byvoeging van die rasseklousule het egter meegebring dat hierdie soort teologie as rassisme en as kettery beskou is. Die NHKA het in die hitte van die ideologiese en politieke stryd, die gees en bedoeling van die ekumeniese liggame gemis.

## 5. VIERDE PERIODE: DIE NHKA AS VOLKSKERK (ART 4 VAN DIE 1997 KERKORDE)

Die AKV het in 1997 ’n nuwe Kerkorde goedgekeur. Die Kerkorde het Artikel III en sy verwysing na blanke lidmaatskap laat val en dit vervang met Ordereël 4 wat lees *die Kerk is ’n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van*

*Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelykertyd aan alle mense* (NHKA 1997:69).

As teologiese onderbou van hierdie artikel, myns insiens, moet daar kennis geneem word van die publikasie *Belydende Volkskerk* wat in 1989 verskyn het, juis toe begin is met die herskryf van die Kerkorde (Botha e a 1989). Daar het ook tussen 1986 en 1991 verskeie artikels van A D Pont (en ander) in die *Hervormde Teologiese Studies* oor die NHKA as volkskerk verskyn.

Botha beskryf die verhouding tussen Kerk en volk sedert die Kaapse periode en hy evalueer ook die teologiese insette van Hoedemaker, Berkhof, Langman, Van Ruler en andere waarna reeds verwys is. Hy wys daarop dat die NHKA uit beginsel ’n Christus-belydende volkskerk en Kerk vir die Afrikaner wil wees (Botha 1989:35-45). In sy begronding van die saak plaas hy die klem op die Kerk se geskiedenis; die kerk se volkskerklike apostolaat; op die genadeverbond asook Artikel 36 van die NGB (soos Hoedemaker, dus ’n teokratiese visie van die volkskerk). Dieselfde gedagtegang vind ons by ander teoloë wat in die periode 1986 tot 1997 oor die onderwerp skryf. Waarskynlik het hierdie publikasies daartoe bygedra dat die begrip “volkskerk” in die Kerkorde behou is.

Na die aanvaarding van die Kerkorde in 1997, was daar ’n dramatiese afname in navorsing en publikasies wat die NHKA as volkskerk positief beoordeel. Almeer kritiese stemme het opgeklink, waarvan slegs enkeles genoem word:

> dat die teologiese voorraad van die Kerk in baie opsigte onbruikbaar is ..... Die pad van die NHKA hierdie eeu was ’n gebonde pad met min ruimte vir vry beweging en met min teologie .... Hierdie verlamming het duidelik geword wanneer die Kerkorde van die NHKA bekyk word, ’n dokument wat die kenmerke dra van ’n baie eensydige kerkregtelike denke, wat die kerkregtelike tradisie van die afgelope eeu verbykyk, en wat bowendien onafgewerk en inkoherent is ...
>
> (J P Oberholzer 1999)

Oberholzer lewer veral kritiek teen Ordereël 4, wanneer hy aantoon dat daar in die bepaling ’n inherente teenspraak is. Die NHKA is apostolêr gerig op alle volke en “te gelyk” ’n kerk vir die Afrikaner. Die NHKA is te gelyk oop en geslote. Oberholzer kom tot die gevolgtrekking dat “die begrip ‘volkskerk’ is nie meer te red nie” (Oberholzer 1999:458).

Dit is ook nodig om te verwys na die 66e AKV van 2001, toe die saak van ’n skuldbelydenis oor apartheid op die tafel verskyn het. Drie memoranda is aangebied, en sonder bespreking is die dokument van D J C van Wyk (snr), as ’n kompromis, aanvaar. In die skuldbelydenis oor apartheid stel die AKV

dat die kerk "kennis neem van die misdade wat onder die apartheidsbeleid gepleeg is, selfs deur lidmate van die Kerk. Daarvoor bely die Kerk sy skuld voor God en word die lidmate opgeroep tot 'n skuldbelydenis teenoor God en medemens" (NHKA 2001:171-174).

Die opvallende van hierdie skuldbelydenis is dat apartheid as sisteem nie veroordeel word nie, slegs die dade wat mense gepleeg het onder apartheid. Die indruk is dus dat apartheid as politieke sisteem, soos ander politieke sisteme, as neutraal beskou word. Die toepassing daarvan kan egter rassisties of sondig wees.

Die skuldbelydenis verwoord ook nie iets van die NHKA se Skriftuurlike regverdiging van apartheid of afsonderlike kerke nie. Dit fokus op die individuele misdade wat mense gepleeg het. Die fokus is dus op die individu, nie op die Kerk nie en ook nie op die politieke bestel nie.

Die 67$^{e}$ AKV van 2004 het verder gegaan en besluit dat die NHKA moet aansoek doen om herstel van lidmaatskap van die *Reformed Ecumenical Council* en die *World Alliance of Reformed Churches* (NHKA 2004:171). Die REC het die aansoek van die NHKA goedgekeur, terwyl WARC dit eers in 2007 sal oorweeg wanneer die NHKA aan die vereistes van die Ottawa resolusies voldoen het. Dit is ook so bevestig aan die Kommissie van die AKV, tydens die besoek wat die WARC afvaardiging aan die NHKA in Junie 2006 gebring het (NHKA 2006b) . Hierdie vereistes sluit in:

- Die NHKA moet erken dat apartheid in sy wese rassisties en daarom sondig is;
- Die teologiese en etiese begronding wat die NHKA, soos ander kerke, aan apartheid en afsonderlike wit en swart kerke gegee het, was en is 'n ernstige dwaalleer;
- Die gesprek oor eenwording tussen die NHKA en HKSA moet opdreef kom;
- Teologiese studente moet gesamentlik opgelei word;
- Ordereël 4 van die Kerkorde se verwysing na *volkskerk* moet geskrap word.

Hierdie verskuiwing van denke het ook by die Kommissie van die AKV sigbaar geword. Die Kommissie het in 2006 'n memorandum getiteld *Identiteit en Relevansie van die NHKA aan die begin van die 21e eeu in Suid-Afrika* aanvaar (NHKA 2006a). Hierdie memorandum het gedien as besprekingsdokument by 'n Nasionale Colloquium. Tydens die Colloquium het afgevaardigdes 'n *Verklaring* geformuleer wat onder andere stel dat die "volkskerk" beperkend is:

> Wat ons uniek in die wêreld maak, is dat ons identiteit bepaal word deur die waardes van God se Koninkryk en nie dié van die wêreld nie. Hoewel 'n andersoortige gemeenskap, kry die kerk gestalte in die konteks van eie tradisie, kultuur en taal. Hierdie roeping moet ons teenoor alle mense uitleef en die term "volkskerk" kan ons hierin beperk. God se betrokkenheid by mense is só ryk dat dit nie volledig in een vorm uitgedruk kan word nie. Die kerk van Christus is veelkleurig, soos weerspieël word deur die verskeidenheid wat aangetref word onder kerke, gemeentes en gelowiges. Wisselende skakerings van spiritualiteit, ervarings van God en liturgiese vorme word daarom gerespekteer binne die kontoere van die kerklike tradisie, en is verrykend. Ons sien pluriformiteit en diversiteit nie as 'n bedreiging nie en oordeel nie dat almal uit een mond hoef te praat nie. Anders as verskeidenheid, is die eenheid van die kerk egter wel die evangeliese eis. Eie voorkeure mag nie tot konflik of onenigheid lei nie, maar moet saamklink soos 'n simfonie tot eer van God.
>
> (NHKA 2006b)

E Wolff (filosoof en proponent van die NHKA) het onlangs 'n artikel gepubliseer, waarin hy vanuit 'n filosofiese en kultuur-kritiese invalshoek skerp kritiek teen die volkskerkdenke uitspreek (Wolff 2006). In 'n historiese oorsig toon Wolff aan hoedat die NHKA homself deel gevoel het van die Afrikaner se verhaal. Die Kerk het die verkryging van Afrikaner-selfbeskikking as deel van sy eie verhaal gesien. Die aspirasies, vreugdes, begeertes en identiteit van Afrikaners het oorgegaan op die Kerk en daar voortbestaan. Die Kerk het die hierdie proses ondersteun deur die handhawing van volksvertellings, mites en rites. Hy verwys instemmend na die Waarheids-en Versoeningskommissie se gevolgtrekking, dat die *Afrikaans Reformed Churches were widely identified with Afrikaner nationalism and held to be compilicit in apartheid* (Report of the TRC 1998:62).

Wolff kom tot die gevolgtrekking dat Afrikaner-nasionalisme onder andere rasgebaseerd was, omdat 'n Afrikaner gedefiniëer is as 'n *blanke* persoon wie se moedertaal Afrikaans is. Volksnasionalisme het in werklikheid gemanifesteer as 'n rasnasionalisme. Die byna noodwendige gevolg hiervan was dat die NHKA se volkskerklike denke ook 'n rassegrondslag sou ontwikkel. Indien die Afrikanervolk per definisie gesien is as 'n blanke volk, die NHKA per definisie 'n blanke kerk moes wees.

'n Laaste voorbeeld: Die interessante verskynsel wat tans sigbaar word, is dat daar nie net van teoloë en filosowe se kant kritiek teen die volkskerklike denke uitgespreek word nie, maar dat dit ook spontaan in die praktyk sigbaar word. Verskeie gemeentes van die NHKA akkommodeer nie

net Engelse, Nederlandse, Duitse en Portugese lidmate nie, maar ook nie-blanke lidmate. Swart kinders woon kategese by en het reeds belydenis van geloof afgelê. Daar is gemeentes van die NHKA wat reeds nie-blanke "wyke" het.

*Samevattend:* Ordereël 4 van die Kerkorde van die NHKA bou op die teologiese nadenke oor die volkskerk wat sedert die Tweede Wêreldoorlog binne die NHKA plaasgevind het. 'n Belangrike verandering het in 1997 ingetree, te wete die afskaffing van die kleurklousule wat lidmaatskap tot blankes beperk. Dit blyk egter dat teoloë van die NHKA nie meer veel aandag gee aan die volkskerk nie. Waar dit wel gebeur, word dit krities en afwysend bespreek. Die AKV het ook met die onlangse besluite ten opsigte van 'n skuldbelydenis oor apartheid en heraansoek om lidmaatskap by die ekumeniese liggame, duidelik 'n nuwe koers ingeslaan. Ook die dokumente van die Kommissie van die AKV vertoon 'n afwysende houding teenoor apartheid, volkskerklike denke en 'n soeke na nouer samewerking met die HKSA.

## 6. BESWARE TEEN DIE VOORTSETTING VAN DIE BEGRIP VOLKSKERK IN DIE KERKORDE VAN DIE NHKA

Die voortgesette handhawing van die NHKA as volkskerk in die Kerkorde kan vanuit twee perspektiewe gekritiseer word, te wete teologiese – en praktiese oorwegings:

### 6.1 Teologiese oorwegings

Dit is duidelik dat die NHKA deur sy geskiedenis as 'n volkskerk gefunksioneer het. Dit was eers na die Tweede Wêreldoorlog dat daar omvattend oor die saak geteologiseer is. In die volkskerkteologie is ruimskoots gebruik gemaak van die Nederlandse teoloë soos Hoedemaker, Van Ruler en Kraemer se denke. Twee benaderings het duidelik geword: 'n teokratiese- en apostolêre volkskerkdenke.

Hoewel die volkskerklike apostolaat en teologie van die NHKA nooit rassisties bedoel was nie, het die gebruikmaking daarvan om Artikel III te legitimeer en lidmaatskap van die NHKA tot blankes te beperk, dit rassisties laat voorkom. Die koppeling tussen apartheid, Artikel III (eksklusiewe blanke lidmaatskap) en die vestiging van etniese volkskerke het onhoudbaar geword. Dit is baie duidelik dat die volkskerkdenke in Nederland nooit bedoel was om etniese volkskerke te vestig of nie-blankes te weerhou van lidmaatskap van die Kerk nie.

Teologies gesproke, is die vraag of die apostolaat van die Kerk ooit die kerstening van 'n volk in die oog kan hê, of eerder die koninkryk van God?

Sluit die koninkryk van God die samelewingstrukture in? Is die teokratiese ideaal werklik allesomvattend, soos Calvyn, Hoedemaker en Van Ruler bepleit het?

Die teokratiese bestaanswyse is iets wat ons in die Ou Testament vind, waar die volk Israel onder die heerskappy van God leef. In die Nuwe Testament word die evangelie universeel gerig. Die evangelie oorskry die grense van Jood en Griek, van slaaf en vry, van man en vrou. Die koninkryk van God transendeer alle menslike strukture. Die kerk in die Nuwe Testament se roeping was nie die vestiging van Christelike strukture en ’n alles-omvattende teokrasie nie, maar om in elke gegewe konteks te getuig van Jesus Christus, die Here – dikwels profeties teenoor die owerhede en die samelewing.

As die NHKA, as Reformatoriese kerk, oor sy wese en bestaan in die wêreld nadink kan hy dit slegs doen deur biddend te luister na die Woord van God (Mans 1962:90). Die Skrif alleen (*sola Scriptura)* bly die maatstaf vir die kerk in belydenis en lewe. Maar: Die kerk moet ook na medegelowiges reg oor die wêreld luister, wat gelowig oor die Skrif nagedink het. Die NHKA weet in nederigheid, dat hy maar ten dele ken.

As die NHKA oor geloof en lewe nadink, doen hy dit met die wete dat die kerk tussen die koms en die wederkoms van Jesus Christus leef; dat in Jesus Christus die koninkryk van God naby gekom het; hy bely dat sy burgerskap (*politeuma* – Fil 3:20) van die hemel is.

Tegelykertyd weet die NHKA dat die kerk nog nie in die hemel is nie, maar op die aarde (Barth 1954:78). Die kerk weet dat die vrede, vryheid en menslikheid wat die owerheid moet verseker net uitwendig, voorlopig en provisioneel van aard is (Barth 1954:16). Ten spyte daarvan kan die kerk hom nie aan die wêreld en die politiek onttrek nie (Barth 1954:82). Hoewel die kerk nie van hierdie wêreld is nie, is hy geroepe om met die kragtige Woord van God die wêreld in te tree en te getuig van Jesus Christus, die Verlosser en Heer. As die kerk hom maar net met die kerk besig hou, verstom die stem van God in die wêreld.

Luther verklaar dat die mens wat die evangelie hoor en glo, is ’n nuwe mens en het eintlik nie die owerheid nodig nie (Luther [1523] 1955:146). Tog stel hy dialekties: *Ein Christ muss zwei Personen auf Erden tragen, Christperson und Weltperson*. Die Christen moet in hierdie wêreld as ’n Christusmens en ook as ’n aardse mens leef. Die Christusmens leef onder die regiment van die Woord as geregverdigde sondaar voor die aangesig van God (*coram Deo*). As wêreldmens leef hy voor die aangesig van mense (*coram hominibus*) as vader, moeder, seun, dogter, as vors, regter, priester of dienskneg. Die Christen het dus ’n dubbele roeping: Deur die evangelie

geroep tot geloof, maar ook geroep om sy taak in die wêreld uit te voer. Beide is 'n roeping van God.

Luther het baie duidelik raakgesien dat hierdie wêreld deur God geskep is en nie deur God aan sy lot oorgelaat word nie. Ten spyte daarvan is hierdie wêreld nie die laaste werklikheid nie. Dit kan nooit 'n paradys wees of word nie. Vir die Christenmens bly dit net 'n gastehuis, nie 'n tuiste nie. Die wêreld is die plek waar die evangelie verkondig moet word, maar daar by is by Luther geen sprake (soos in die Roomse-Katolieke teologie) van die Christianisering van die kultuur, volk, owerheid of die wêreld nie. Die kultuur hoef nie deur die genade geheilig te word nie (Kooiman 1957:1108). Die koninkryk van God is iets anders as Christelike strukture in kerk, volk, ekonomie, samelewing en owerheid. Die spanning tussen die twee ryke en twee regimente durf nooit laat vaar word nie.

Elke Christen is 'n priester. Dit is elke Christen se roeping om die wêreld met die kragtige Woord van God te betree en die evangelie uit te dra. Luther lê dus besondere klem op die *algemene priesterskap van die gelowige*. Dit is van besonder betekenis vir elke aspek van gemeenskapslewe: Die huwelik, gesin, beroep, arbeid, ekonomie, openbare (politieke) ampte en die versorging van die armes. Dit is ook van besondere betekenis vir die apostolaat van die Kerk (Kraemer 1960).

Barth het in sy lesings oor die *Apostolicum* onder andere oor die verhouding tussen kerk, volk en owerheid gehandel (Barth 1935: 164-178). In sy uiteensetting van die belydenis oor die een, heilige, algemene Kerk en die gemeenskap van die heiliges, wys Barth daarop dat die Kerk *teenoor* alle ander vorme van groepe staan. Die kerk is iets anders as byvoorbeeld 'n gesin, 'n volk, 'n staat of rasse-, kulturele- of taalgemeenskappe (Barth 1935:165). Hierdie groepe en gemeenskappe bestaan op 'n natuurlike wyse, en kan deur middel van verdrae hulle onderlinge verhoudings reël. Die kerk bestry ook nooit hulle reg om te bestaan nie, maar erken dit ten volle. Aan die lidmate van die kerk is van die vroegste tyd gesê (verwysend na Rom 13) dat dit op 'n Goddelike verordening berus dat daar owerhede en gesagsdraers bestaan. Die owerheid moet ook gehoorsaam word. Teenoor die owerheid moet eer bewys word, voorbidding gedoen word en belasting betaal word.

Die kerk is onderskeibaar van al hierdie groepe, omdat die kerk die gemeenskap van die *heiliges* is. Daarom staan en val die kerk nie by een van die ander gemeenskappe nie. Die kerk is nie gebonde aan hulle onderlinge geskille of aan hulle grense nie. Die kerk se grense loop dwars oor alle ander grense. Die kerk het, te midde van hierdie ander groepe en gemeenskappe, sy eie belange, doel en arbeid om te verrig. Dit impliseer ook dat geen binding aan 'n volk, staat of kultuur ooit die katolieke aard van die kerk mag negeer nie. Die kerk mag nooit verburgerlik word nie. Die kerk is alleen kerk, die kerk

is alleen heilig as hy ook katoliek is. Dit is die primêre van kerk-wees. Die kerk moet dus allereers homself afvra hoedat hy een, heilige en algemene kerk is, voordat die vraag na die binding aan ander groepe soos volk en staat gevra word. Dogmaties gesproke is die vraag na die verhouding tussen kerk, volk en owerheid ’n sekondêre vraag, omdat dit nie met die wese van die kerk te doen het nie, maar met sy organisasie. Dit verteenwoordig in ’n groot mate Barth se antwoord op Gogarten se vraag of die kerk volkskerk of belydende kerk moet wees (Miskotte 1935:331).

Die kerk is in sy regering nie gebind aan enige mag nie. Sy enigste Hoof en Heer is Jesus Christus, die kerk leef in gehoorsaamheid aan Hom, en dit impliseer ’n apostolêre gerigtheid op die wêreld (Matt 28). Die kerk werk binne die menselike geskiedenis in ’n bepaalde plek, en so word die kerk sigbaar. Die kerk word egter nooit die domein van die mens nie, maar staan onder die volstrekte alleenheerskappy van Christus. Slegs wanneer die kerk sy apostolêre taak in gehoorsaamheid aan Christus alleen aanvaar, is die kerk werklik gemeenskap van die heiliges (Barth 1935:172).

Barth vra die kritiese vraag of daar enigsins Christelike wetenskap, Christelike politieke partye, Christelike koerante en dies meer moet wees of kan wees (Barth 1935:172). Dit hang saam met Barth se beskouing dat die kerk net een roeping en taak het, en dit is die verkondiging van die Woord en die evangelie. Barth het dikwels kritiek uitgespreek teen predikante wat preekmoeg is, nie tyd het om preke voor te berei nie maar in allerlei sosiale aksies betrokke raak, onder die voorwendsel dat hulle dit ter wille van die kerk doen (Miskotte 1935:339).

Met die paar kursoriese opmerkings kan volstaan word. Dit dui daarop dat die NHKA veel meer krities en genuanseerd moet dink oor die volkskerk as wat in die verlede die geval was.

### 5.2. Praktiese oorwegings

Die NHKA (soos aangetoon) het mettergaan tot die oortuiging gekom dat volkskerklike apostolaat nie ’n onveranderlike Bybelse beginsel is nie, maar eerder ’n praktiese werkswyse. Wat wys die praktyk in 2006?

- Kerklidmaatskap onder Afrikaners is besig om af te neem.
- Die owerheid van Suid-Afrika is neutraal en handhaaf ’n skerp skeiding tussen kerk en staat.
- Christelike onderwys word ontmoedig ten gunste van ’n godsdiens-neutrale onderwys.
- Die hele teokratiese verstaan van ’n Christelike gemenebes, waar kerk, volk en owerheid onder heerskappy van God staan (en wat die onderbou vir ’n volkskerk bied), is tot niet en sal nooit weer bestaan nie.

- Alle gemeenskappe in Suid-Afrika, maar veral in die stedelike komplekse, is volkome veelrassig en multi-kultureel.
- Almeer gemeentes van die NHKA akkomodeer nie-blanke lidmate uit hulle omgewing.
- Die HKSA is uitgesproke in sy aandrang op kerkeenheid met die NHKA. Die poging om ’n swart volkskerk te vestig het formeel geslaag. Dit is egter duidelik dat die HKSA nie uit oortuiging ’n volkskerk is nie. Vir die rede het die HKSA konsekwent geweier om verder te verdeel aan die hand van etniese- en taalverskille (Manala 2000:665-670).
- Internasionaal het die postmoderne denke groot veranderings in lewens- en wêreldbeskouing tot gevolg gehad.
- Deur die massamedia het die wêreld ’n sogenaamde *global village* geword.
- Wetenskap, industrie en tegnologie het die mens se kultuur en wêreld radikaal verander.
- Afrikaanse kinders het binne ’n relatief kort tydsverloop ’n radikaal ander lewens- en wêreldbeskouing as hulle ouers ontwikkel, veral as gevolg van nuwe leerplanne wat in die skole ingevoer word en die invloed van die media.
- Jongmense het reeds aangepas in ’n multi-kulturele samelewing en is gemaklik in werksplekke waar swart mense in beheer is.

Met dit alles in gedagte, het die volkskerklike denke na my mening onbruikbaar geword in die kerklike praktyk.

## 7. TEN SLOTTE

Die kerk moet altyd die spanning tussen kerk en wêreld handhaaf. Wanneer die kerk bely dat Christus die *Kurios* is, besef ons dat dit ook bepaalde politieke implikasies het. Die evangelie is van politieke belang. Die Woord van God het iets te sê oor die alledaagse bestaan van mense, en daarvan moet die Kerk teenoor owerheid en volk getuig.

Ten spyte daarvan, besef die kerk Jesus Christus se koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, soos Christus teenoor Pontius Pilatus getuig het. God se koninkryk staan paradoksaal teenoor menslike strukture en koninkryke. Die kerk besef dat terwyl die aardse owerhede verganklik en tydelik is, God se koninkryk vir ewig duur. Die kerk sal alle owerhede en volke van hierdie wêreld oorleef. Dit is nie net ’n geloofsuitspraak nie, maar ook ’n historiese feit.

Die 68[e] AKV sal in 2007 die bogenoemde sake teologies moet beoordeel en daaroor besluite moet neem. Net die tyd sal leer of die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika strydig met sy geskiedenis as volkskerk – maar wel op grond van ’n egte Bybels-reformatoriese teologie – oor die sake sal kan besin en besluit.

## Literatuurverwysings

a Brakel, W 1736. *Redelyke godsdienst,* Deel 1. Rotterdam: Wed H van den Aak.

Barth, K 1935. *De Apostolische Geloofsbelijdenis.* Lesings verwerk deur K H Miskotte. Nijkerk: Callenbach.

Barth, K [1954] 1973. *Against the stream*: *Shorter post-war writings, 1946-52.* London: University Microfilms.

Bavick, J H 1955. *Inleiding tot de Zendingwetenschap.* Kampen: Kok.

Berkhof, H et al 1954. *Evanston,* in *Wending*, 9(9). ’s Gravenhage: Boekencentrum N V.

Beyers, C 1967. *Die Kaapse patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde.* Pretoria: J L van Schaik.

Botha, S J 1981. *Ds Marie Joseph Goddefroy 1848-1920: Sy lewe en betekenis.* Pretoria: HAUM.

Botha, S J (red) 1989. *Belydende volkskerk.* Pretoria: Kital.

Dreyer, P S 1959. *Die ontwerp van ’n sendingbeleid in die huidige situasie,* in Van Wyk 1978:164-175. Oorspronklik verskyn in die *HTS* November 1959.

Dreyer, W A 1995. *Kerk, volk en owerheid: ’n Hervormde Perspektief.* DD proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Dreyer, W A 1999. *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Die eerste 250 jaar 1652 tot 1902.* Pretoria: Kital.

Gey van Pittius, E F J 1936. *Volksregering met besondere verwysing na Suid-Afrika.* Pretoria: Wallachs.

Giliomee, H 2004. *Die Afrikaners.* Kaapstad: Tafelberg.

HKSA 2006. *Agenda of the 10th General Church Assembly. A*rgiefbewaarplek. Pretoria.

Kooiman, W J 1957. Luther, in Waterink, J (ed), *Cultuurgeschiedenis van het Christendom*, 1104-1131. Amsterdam: Elsevier.

Kraemer, H 1947. *The Christian message in a non-christian world.* London: Edinburgh House.

Kraemer, H 1960. *Het vergeten ambt in de kerk.* ‘S-Gravenhage: Boekencentrum N V.

Krüger, D W 1963. *Paul Kruger, Deel II: 1803-1904.* Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.

Luther, M [1523] 1955. *Von Weltliche Obrigkeit*, herdruk in Steck, K G (red), *Luther,* 141-170. Frankfurt: Fischer Bucherei.

Mans, C J 1962. Die owerheid in die Nuwe Testament en by die Reformatore. *HTS* 18(3), 90-115.

Miskotte, K H 1935. Aantekeningen, in Barth, K, *De Apostolische Geloofsbelijdenis*, 214-369. Nijkerk: Callenbach.

Murray, A H 1962. *The political philosophy of J A De Mist.* Pretoria: HAUM.

Nederlands Hervormde Kerk 1951. *Kerkorde.* Die Kerkorde is te vind by *http://www.kerkrecht.nl/main.asp?pagetype=Literatuur&item=118&subitem=*

NHKA Algemene Kerkvergadering 1857. *Notulen.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Kommissie van die AKV 1862. *Notulen.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA 1870. *Algemeen Kerkelijk Reglement.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1888. *Broederlijk Schrijve.* Byvoegsel tot die Handelinge van die AKV. Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1904. *Wetten en Bepalingen der Nederduitsch Hervormde Kerk.* Notule, 27 e v. Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1914. *Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika.* Het Westen Drukkerij. Potchefstroom.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1928. *Notulen*. Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1945. *Notules.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA 1951. *Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1961. *Noule.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1973. *Herderlike Skrywe van die AKV van die NHKA aan lidmate van die Kerk oor sy opvatting met betrekking tot volkereverhoudings in die R S A.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1976. *Notule 18-25 Mei, 219-220).* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Kommissie van die AKV 1977. *Getuienis.* Die Hervormer se Nuusbrief, Januarie 1977. Kerkargie. Pretoria.
NHKA Kommissie van die AKV 1979. *Handelinge 1979 (April tot Junie).* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Kommissie van die AKV 1982. *Korrespondensie aan WARC 06/10/1982.* Handelinge van die Kommissie van die AKV Okt-Des 1982 Volume 111, Bylae P.
NHKA Kommissie van die AKV 1985. *Kerk en wêreld 2000.* Kital Pretoria.
NHKA Kommissie van die AKV 1990. *Kerk en politiek.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 1997. *Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 2001. *Besluitebundel van die 66e AKV.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Algemene Kerkvergadering 2004. *Besluitebundel van die 67e AKV.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Kommissie van die AKV 2006a. *Notule Maart 2006.* Kerkargief. Pretoria.
NHKA Kommissie van die AKV 2006b. *Korrespondensie aan kerkrade 7 September 2006.* Kerkargief. Pretoria.
Oberholzer, J P 1960. Die apostolaat van die kerk in hierdie tyd ten opsigte van die binne- en buiteland. *HTS* 16(3), 239-243.
Oberholzer, J P 1999. *Terug op die pad,* in D J C van Wyk (red), *20ste Eeu Hervormde Teologie,* 449-462. Pretoria: SENTIK.
Patijn, C L 1954. *Evanston over Maatschappelijke Vraagstukken,* 568-579 in Berkhof, H e.a.
Pont, A D 1969. Kerk en volk. *HTS 25(3),* 202-218.
Pont, A D 1986. Verbond en volkskerk. *HTS 42(1),* 28-76.
Pont, A D 1991. Die verhouding “kerk en volk” in die jare 1835-1900 in die Oorvaalse: ’n Terreinverkenning. *HTS* 47(3), 783-799.
Pretorius, S P 1986. *Die Kerkvereniging van 1885: Sy aanloop en mislukking.* DD proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Thom, H B 1965. *Die lewe van Gerrit Maritz,* 2de Druk. Kaapstad: Nasou.
Truth an Reconcilliation Commission 1998. Report Volume 4. Cape Town.
Van Aarde, A G 1986. Die *Wirkungsgeschichte* van Matteus 28:16-20 in die volkskerklike apostolaat. *HTS* 42(1), 77-93.
Van Aarde, A G 1992. A S Geyser, teologiese dosent 1946-1961. *HTS* 48(1&2), 159-182.
Van der Westhuizen, H G 1981. *Volkskerk en sending.* Pretoria: HAUM.
Van Niftrik, G C 1950. Geloof en politiek: *Kerk en Theologie* 1(1).
Van Ruler, A A 1945. *Religie en politiek.* NijKerk: G F Callenbach N V.
Van Ruler, A A 1958. *Heeft het nog zin, van "volkskerk" te spreken?* Wageningen: H Veenman & Zonen.
Van Wyk, D J C 1978. *Stemme uit die verlede: Volkereverhoudings in Suid-Afrika.* Pretoria: HAUM.
Van Zijl, W J 1992. *Van skeepskis tot wakis tot boekrak.* Kaapstad: Lux Verbi.
Wolff, E 2006. Anatomie van 'n teologiese ideologie: Die Hevormde Kerk se steun aan die Apartheid ideologie. *Historia* 51(1), 141-162.
World Alliace of Reformed Churches 1982. *Resolution on racism and South Africa: Statement adopted by the General Council.* August 25, 1982. WARC Argief elektronies beskikbaar by http://warc.ch/where/21gc/safrica/01.html, asook Handeling van die Kommissie van die AKV Oktober tot Desember 1982 Volume 111. Kerkargief. Pretoria.
Vgl ook Korrespondensie met Kommissie van die AKV 2005 en 2006.